

## PROJEK 7

# HOE OM 'N KAGGEL NUUT TE MAAK

### JY BENODIG

Plascon Fireplace Paint, kwas, draadborsel, skuurpapier, skoppie en besem, terpentyn, suikerseep (opsioneel)



### STAP 1

Borsel alle los ver en roet in en om die kaggel met 'n harde draadborsel los. As die binnekant van die kaggel nog vol roet is nadat jy dit met die draadborsel geskrop het, kan jy dit ook met 'n mengsel van suikerseep en warm water was voor jy dit verf. Laat dit vooraf eers behoorlik droog word.



Jumbo-mat R179, @home

### STAP 2

Skuur geroeste dele en skerp metaalpunte wat weens die hitte gevorm het, met skuurpapier glad. Maak dan die kaggel deeglik skoon met jou skoppie en besem voor jy begin verf.

### STAP 3

Verf eers die mure aan die binnekant en dan die gietyster-rakkie en aslaai. Jy kan die rakkie ook buite op 'n stuk koerantpapier verf, dan sal dit baie gouer droog word. Plascon Fireplace Paint, wat net in swart beskikbaar is, is hittebestand en twee lae sal jou kaggel sommer weer splinternuut laat lyk.

